SPIRITUELE GEWOONTES INVENTARIS

Nadat u u spirituele temperament geëvalueer het, kan u nou u spirituele gewoontes vasstel en kyk hoe dit met u temperament ooreenstem/teenstrydig is.

Wanneer u die volgende stellings lees omkring die getal, wat die *naaste* aan u gevoelens en denke is. Daar is nie ’n regte of verkeerde antwoord nie, so wees asb. so eerlik as moontlik. Gewoonlik is die eerste antwoord, wat by mens opkom, die mees akkurate een. Indien een deel van die antwoord baie waar is vir u, maar die ander deel onwaar is, moet u asb. iewers in die middel antwoord.

4 = Altyd waar

3 = Baie waar

2 = Soms waar

1 = Min waar

0 = Nooit

1. Ek bid gereeld volgens ’n patroon of ritueel.	4	3	2	1
2. Wanneer ek bid fokus ek my hart deur ’n kers aan te steek, ’n kruis vas te hou, kyk na ’n prentjie van Jesus, of gebruik ander sintuie in my aanbidding.	4	3	2	1
3. Ek gaan loop of sit buite wanneer ek bid sodat ek God se teenwoordigheid kan waardeer in die buitelug.	4	3	2	1
4. Ek gebruik verskillende “gereedskap” as ek Bybelstudie doen: ’n konkordansie, ’n Bybel woordeboek, ’n kommentaar ens.	4	3	2	1
5. Ek luister na musiek wat fokus om God te aanbid en te prys terwyl ek by die huis sit of in my kar ry.	4	3	2	1
6. Wanneer ek my Bybel lees is ek besig met ’n dialoog met Jesus of dink ek diep vir 10-15 minute oor wat die teks vir my sê	4	3	2	1
7. Ek help mense in nood op praktiese maniere: ek besoek mense wat nooit hulle huis verlaat nie, help mense in krisisse of verleen net ’n helpende hand in my gemeenskap.	4	3	2	1
8. Ek spandeer maklik vir ure alleen tyd by God, selfs vir ’n hele dag as ek kan.	4	3	2	1
9. Ek praat met mense, skryf briewe in die koerant en sal self betoog of dit wat verkeerd is reg te maak in ons samelewing.	4	3	2	1

10. Ek aanbid in ’n gemeenskap van gelowiges omdat ek oortuig is dat deur die geskiedenis God daar die beste uitgebeeld word en teenwoordig is.	4	3	2	1
11. Ek woon graag dienste by waar wierook gebrand word en pragtige beelde van Jesus teen die mure hang.	4	3	2	1
12. Ek beleef God in die natuur (langs waterstrome, in die wildtuin, tussen voëls wat sing ens.)	4	3	2	1
13. Ek lees teologiese boeke en ander literêre werke wat my geestelik en kognitief uitdaag.	4	3	2	1
14. Ek dans voor die Here en voel hoe dit Hom behaag as ek Hom met my hele liggaam, siel en verstand aanbid.	4	3	2	1
15. Ek beleef God sê vir my dat Hy lief is vir my. Hy bewys Sy liefde vir my op allerhande klein maniere.	4	3	2	1
16. Ek maak tyd om mense in my gemeenskap, kerk en familie te help met ’n ekstra paar hande of ’n oor om te luister.	4	3	2	1
17. Ek spandeer ’n uur of meer in gebed, terwyl ek in stilte sit by die Here.	4	3	2	1
18. Dit is vir my belangrik om verandering te sien in mense se lewens en gemeenskap. Daarom neem ek deel aan petisies, vergaderings en gesprekke op die internet (sosiale media).	4	3	2	1
19. Ek neem deel aan die Liturgie en sakramente (doop en nagmaal) by die kerk, want bekende tradisies is ’n belangrike deel van my geloofslewe.	4	3	2	1
20. Ek kyk na pragtige geboue, gekleurde vensters en mooi kunswerke in die kerk, want ek beleef God se majesteit daarin.	4	3	2	1
21. Ek is lief vir die natuur of dit nou by die see of berge is, solank ek net vir God daar kan ontmoet.	4	3	2	1
22. Ek raak betrokke by intellektuele debatte oor Bybelse temas, wat vir my relevant en interessant is.	4	3	2	1
23. Ek ervaar soveel genot wanneer ek die Here aanbid, dat ek soms staan, lag of huil in reaksie tot die Heilige Gees.	4	3	2	1
24. Ek beleef God se teenwoordigheid en liefde wanneer ek en Hy gesels.	4	3	2	1
25. Ek is betrokke by die armes of minder bevoorregtes.	4	3	2	1
26. Ek beoefen spirituele dissiplines, bv. om te vas, stilte en eenvoud.	4	3	2	1
27. Ek maak my stem dik wanneer mense nie omgee oor morele oortredings, wat ons jeug seermaak nie. Dié oortredings sluit internet pornografie en dwelmmisbruik in.	4	3	2	1

28. Ek neem deel aan die gemeenskap van die gelowiges deur simboliese rituele te gebruik.	4	3	2	1
29. Ek beleef ’n diep vrede in die Here, wanneer ek met my handewerk; beweeg as ek bid of ’n klein kruisie/iets fisies vashou wanneer ek tyd met God spandeer.	4	3	2	1
30. Ek sien lesse oor God en Sy weë wanneer ek buite in die veld is.	4	3	2	1
31. Ek voer gesprekke met ander oor taai geestelike vrae.	4	3	2	1
32. Ek skenk aandag aan my drome, want die Here praat deur misterie met my.	4	3	2	1
33. Ek staar liefderyk in God se gesig en word vasgevang deur Jesus se liefde vir my.	4	3	2	1
34. Ek doen alles in my vermoë – ter ere van God – om te help dat mense veilig, welkom en versorg voel.	4	3	2	1
35. Ek ontmoet God in my eenvoudige omgewing van stilheid, onderdanigheid en gebed.	4	3	2	1
36. Ek is uitgesproke oor sonde en goddelose gedrag, wat God se hart breek.	4	3	2	1
37. Ek eerbiedig heilige dae, wat die liggaam van Christus help om die om die historiese invloed van die kerk te eer.	4	3	2	1
38. Ek gaan na museums en put genot uit klassieke geestelike skilderkuns of woon konserte in my kerk of gemeenskap by waar lieflike koor- en orrelmusiek weergalm.	4	3	2	1
39. Ek word verander, wanneer ek in die natuur is. Daar vind ek sielerus as ek stadiger begin beweeg en in ritme met God se natuur begin beweeg.	4	3	2	1
40. Ek lees boeke oor ingewikkelde onderwerpe, soos apologetiek, missiologie, etiek en ander teologiese onderwerpe.	4	3	2	1
41. Ek ervaar ’n “partytjie” in my siel, wanneer ek God in die gemeente aanbid.	4	3	2	1
42. Ek vereer God as ek mediteer oor Sy teerheid en goedheid in my lewe.	4	3	2	1
43. Ek gee van my tyd aan ’n sopkombuis, in klinieke, tronkbediening en ander plekke van nood.	4	3	2	1
44. Ek dissiplineer my lewe en gaan selfs sonder kos, sodat my honger na God wakker gemaak kan word.	4	3	2	1
45. Ek bid vir God se ingryping en beskerming, wanneer ek na die nuus kyk of in die straat afstap.	4	3	2	1

46. Ek beoefen ’n reël of gewoonte van aanbidding, wat Bybelstudie en gebed insluit. Dit vind daagliks op dieselfde tyd plaas.	4	3	2	1
47. Ek ontmoet God op plekke, waar pragtige kunswerke en katedrale my oog en hart hemelwaarts rig.	4	3	2	1
48. Ek bid en dink makliker oor probleme en my lewe, wanneer ek in die buitelug is.	4	3	2	1
49. Ek lees baie skrywers se werke wat maak dat ek geestelik en intellektueel groei in my verhouding met God.	4	3	2	1
50. Soos nodig bid ek vir God se wonderwerke en heling.	4	3	2	1
51. Ek beoefen meditatiewe gebed, deur nie te lees of te praat nie, maar net by God te wees.	4	3	2	1
52. Wanneer ek sien mense lyk of hulle hulp nodig het, sal ek dadelik vra of ek kan help.	4	3	2	1
53. Ek spandeer graag alleen tyd met God en my eie gedagtes in plekke van eenvoud.	4	3	2	1
54. Ek praat oor my geloof met hulle, wat nog nie die Here ken nie, sodat hulle uit die donker na die lig van Christus kan beweeg.	4	3	2	1

Jou spirituele gewoontes telling

Vul dié vorm in, nadat jy jou spirituele inventaris voltooi het om jou spirituele gewoontes te bepaal:

															Total	HML
Aktivis	9__	18	__27__	36	__	45	__	54	__						____	____
Kluisenaar	8 __	17	__26__	35	__	44	__	53	__						____	____
Versorger	7 __	16	__25__	34	__	43	__	52	__						____	____
Oordenkend	6 __	15	__24__	33	__	42	__	51	__						____	____
Entoesias	5 __	14	__23__	32	__	41	__	50	__						____	____
Intellektueel	4 __	13	__22__	31	__	40	__	49	__						____	____
Naturis	3 __	12	__21__	30	__	39	__	48	__						____	____
Waarnemer	2 __	11	__20__	29	__	38	__	47	__						____	____
Tradisionalis	1 __	10	__19__	28	__	37	__	46	__						____	____

Kyk nou na u tellings. Skryf ’n ‘H’ (vir Hoog) by die areas waar u tellings van tussen 18 en 24 het. Dít is u sterkste of *mees passievolle* spirituele gewoonte. Hoeveel *passievolle* geestelike gewoontes het u? _____

Skryf ’n ‘G’ (vir Gemiddeld) by al die areas wat tussen 12 en 17 val. Dit is u gemiddelde of *genotvolle* spirituele gewoontes. Hoeveel *genotvolle* geestelike gewoontes het u? _____

Skryf ’n “L” (vir Lae) by die plekke waar u telling tussen 0 en 11 val. Dié is u mees onderontwikkelde spirituele gewoontes, wat die meeste *potensiaal* inhou. Hoeveel *potensiële* spirituele gewoontes het u? _____